

HOOFSTUK 111DIE DOEL MET OPVOEDKUNDIGE HANDWERK.A. INLEIDING: 'N BEPALING VAN DIE BEGRIP.

Alvorens daar aansluiting gesoek word by die vorige hoofstukke en alvorens die doelstellings van Handwerk geformuleer word, sal dit eers nodig wees om na te gaan wat 'n doel is. Die doelstellings van Handwerk moet, net soos alle ander aspekte van Handwerk, in die algemene opvoedkundige verband gesien word en derhalwe is 'n begrip van die aard van die doel van die opvoeding ook hier noodsaaklik.

(a) Een van die belangrikste grondvrae van die opvoeding is die vraag na die doel van die opvoeding. Die vraag is belangrik, nie net in die opvoedende werksaamhede van die mens nie, maar ook in verband met al sy lewensverrigtinge. Coetzee verklaar: „Niks in lewe en opvoeding staan buite die doel nie: Geen werksaamheid van die mens kan tot enige vrug lei, as dit nie met 'n bewuste doel voor oë verrig word nie.”)¹ Horne stel dit weer as volg: „The educational aim is within the educational process.”)² Dit is dus noodsaaklik dat die opvoeder 'n duidelike en heldere besef sal hê van die doel van die opvoeding.

(b) Opvoeding is doelgerig as daar, eerstens, orde en geordendheid in die opvoedende werksaamhede aanwesig is. Geen doel is bereikbaar sonder behoorlike, ordelike handeling nie. Tweedens is 'n werksaamheid doelgerig as daar kontinuiteit is. Derdens geskied die handeling wat met 'n doel verrig word, altyd doelbewus en doelgerig. Vierdens moet die handelende individu ook vooruitsien indien hy ordelik, aaneensluitend en doelbewus wil werk. Die doel is slegs bereik as die handeling suksesvol verloop en dit be-

)¹ Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 267

)² Horne: The Democratic Philosophy of Education, 130

reik is wat vooruit beoog is....."n Doel in lewe en opvoeding kan gestel word as die ordelike, bewusnagestrewe, voorafbepaalde en vooruitgesiene end of beëindiging van ons handeling.")¹ Horne som dit as volg op:...."having an aim, or having a mind, involves foreseeing a future possibility, having a plan for its accomplishment, and noting the available resources and the obstructive difficulties")²

(c) Die opvoeding is nooit met een handeling afgeloop nie.

Dit is n langsaam ontwikkelende en ontvouende proses.

Die doel van die lewe en opvoeding word dan ook nooit in n absolute sin verwesenlik nie. Die mens kom ordelik, doelbewus, aaneensluitend en stapsgewys nader aan die finale beëindiging van sy werksaamhede....."the aim is only potentially within the process;... the aim is not wholly within the process except in an ideal sense.")³

Daar moet ook in die lewe en opvoeding onderskei word tussen die verskillende vorme waarin die beëindiging van werksaamhede hulle openbaar. Bagley)⁴ onderskei tussen empiriese en etiese doelstellinge in die opvoedkunde. Horne)⁵ weer tussen spesifieke en algemene doelstellinge wat, behalwe die sosialistiese en pragmatistiese indeling ook dié is van die naturalis, die humanis, die idealis ens. Coetzee wat die Christelike standpunt huldig, sluit hierby aan, maar voeg n derde indeling by, nl. die uiteindelijke doelstelling wat deur die ander nie genoem word nie. Hy praat dan van die nabysynde, verwyderde en uiteindelijke doelstellings.)⁶ Onder nabysynde, besondere of spesifieke doelstellings ressorteer dan die bio-

)¹ Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 268.

)² Horne: The Democratic Philosophy of Education, 132

)³ Idem.

)⁴ Bagley: The Educative Process, 41.

)⁵ Horne: The Democratic Philosophy of Education, 142.

)⁶ Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde.

logiese, fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, politiese en logiese opvoedingsideale, terwyl die estetiese, etiese en filosofiese opvoedingsideale deel uitmaak van die algemene of verwyderde doelstellings en die religieuse die uiteindelijke doel vorm. Hierdie doelstellings is egter nie noodwendig op-eenvolgend nie.

Aan al die doelstellings moet daar egter n verdere eis gestel word. Hulle moet, nl. verband hou en aansluit by die gewone mens, d.w.s. daar moet uitgegaan word van die vermoëns soos die aangebore aanleg, die neigings of instinkte ens. van die opvoedeling.

Horne)¹ meen dat daar drie karakteristieke eienskappe te bespeur is in alle goeie opvoedkundige doelstellings, nl.

- (a) hulle is gefundeer in die aktiwiteite en behoeftes van die opvoedeling,
- (b) hulle skakel die samewerking van die opvoedeling in en
- (c) hulle is spesifiek en onmiddellik en nie algemeen en uiteindelik nie

Dit baat dus nie om n doel te stel wat geen rekening hou met die menslike en in besonder die kinderlike natuur, aanleg, vermoëns, kragte, bekwaamhede ens. nie.

3. 'N CORSIG VAN DIE DOELSTELLINGE VAN OPVOEDKUNDIGE HANDWERK SOOS GESIEN DEUR OPVOEDKUNDIGES WAT HULLE IN HIERDIE VERBAND BEYWER HET.

Die weldadige invloed van Opvoedkundige Handwerk in die algemene opvoedingspatroon word vandag geredelik erken en aanvaar as gevolg van die werk van verskeie kampvegters in die verlede, soos reeds aangetoon in hoofstuk 1. As vak het dit egter sy eie doelstellinge wat uit die aard van die saak verskillend sal wees van dié van ander vakke, maar tog verband hou met die doelstellinge van die opvoeding in die algemeen. Die doelstellinge is veelvuldig en het in die verlede, en ook

)¹ Horne: The Democratic Philosophy of Education, 140

tans, dikwels van tyd tot tyd en van plek tot plek verskil en verander, maar die kerngedagte, nl. dat die gehele mens opgevoed moet word met behulp van handwerk, het soos 'n goue draad deur die jare heen gestrek en behoue gebly. Daarom sal dit ook gepas wees om kortliks na te gaan wat sommige deskundiges op die gebied van die Opvoedkundige Handwerk te sê het aangaande die doelstellinge van die vak alvorens oorgegaan word tot 'n ontleding en formulering van hierdie doelstellinge.

1. Dr. J.W. Robertson, wat hom veral beywer het vir Opvoedkundige Handwerk in Kanada, het hom as volg oor die saak uitgelat: „Manual Training.... is the general culture of the powers of the body and of the mind through the activities of the body")¹ Die liggaamlike aktiwiteite moet dus ontwikkel word met die doel om die algemene vermoëns van die liggaam sowel as die gees te ontwikkel.
2. Die direkteur van onderwys in Liverpool, J.G. Legge, is meer spesifiek wanneer hy sy doelstellinge met Handwerk uiteensit: (a) Om sekere gedeeltes van die kind se brein te ontwikkel; (b) om moontlikhede te skep vir die verwerwing van handvaardigheid wat vir die lewe onontbeerlik is; (c) om moontlikhede te skep vir die ontwikkeling van die kind se konstruktiewe vermoëns of selfuitdrukking en (d) om deur nuttige werk die kind te laat aan- en inpas by sy omgewing en milieu.)²
3. In die spesiale verslae van die Onderwysraad van Leipzig verklaar dr. O.W. Beyer dat (a) Handwerk bevorder moet word omrede die intieme verband wat daar bestaan tussen handwerk en geestelike onderrig, (b) vir die dissiplinêre krag van fisiese arbeid verkry en (c) omrede die moontlikheid om idees, verkry van onderrig en ervaring, verstaanbaar te maak. Hy wys dan ook verder daarop dat die mens-

)¹ Robertson in die "Educational Handbook" 1911, 35.

)² Legge in die tydskrif "Manual Training" 1910, 141.

dom die vooruitgang wat hy moontlik in die verloop van eeue gemaak het, te danke het aan doelgerigte, vasberade en versigtige arbeid. Beskawing is volgens hom in werklikheid werk.)¹

4. Dr. W. Götze, die bekende direkteur van die Lehrerbildungsanstalt; is van mening dat Handwerk moet trag om die kind se aangebore begeerte tot aktiwiteit te benut vir die ontwikkeling van sy fisiese en geestelike vermoëns deur sistematiese oefening.)²
5. Volgens C. Ham is Handwerk n stelsel van voorwerponderrig, d.w.s. onderrig deur werklike dinge in stede van onderrig deur begrippe van dinge.... "It is the cultivation of a just and legitimate familiarity betwixt the mind and things.")³
6. Dr. P.B. Ballard laat hom as volg uit oor die doel van opvoedkundige handwerk: "The supreme aim of Manual Training should be to increase the pupils' powers of adjustment to his physical, social and spiritual environment. It should be regarded as a means of general culture- of mental, moral and aesthetic development.")⁴
7. Prof. H. Holman, wat in hooftrekke ooreenstem met die bg., stel die doel van Opvoedkundige Handwerk soos volg: "Educational Handwork consists of such systematic, physical activities, especially those in which the eye and hand are predominant, as can be most helpfully used by die educator to secure the greatest and best mental development and skill.")⁵
- 8 Dr. J. Dewey, die bekende Amerikaanse opvoedkundige, het hom ook daadwerklik besig gehou met die vraagstuk van Opvoedkundige Handwerk en sy doelstellinge daarmee is kortliks die volgende: (a) Dit oefen n weldadige invloed uit op die individu se karakter omdat dit n begrip van en respek vir

¹ Beyer in die Verslae van die Onderwysraad van Leipzig, gesiteer deur Holman: Hand and Eye Training, 111.

² Götze: Hand and Eye Training, 38.

³ Ham: Manual Training, 13.

⁴ Ballard: Handwork as an Educational Medium, 176 - 177.

⁵ Holman: Hand and Eye Training, 112.

wetmatighele moet ontwikkel, (b) dit moet die morele gedrag ontwikkel en (c) dit moet die estetiese waardering ontwikkel.)¹

9. Dr. F. Adler is weer van mening dat Handwerk moet bydra om die kind se vermoë tot onpersoonlike en onbevooroordeelde oordeel, wat noodsaaklik is vir die korrekte benadering van morele situasies, te ontwikkel. Ook moet sy poging om definitiewe matematiese en estetiese vorm aan vormlose materiaal te gee, die gewoonte ontwikkel om dinge te benader vanuit die standpunt van hulle intrinsieke waarde eerder as hulle oppervlakkige waarde.)²

10. Volgens prof. W. James is die doel met Opvoedkundige handwerk om (a) n gewoonte tot waarneming aan te kweek, (b) n kennis van die verskil tussen vaagheid en akkuraatheid te ontwikkel en (c) om n insig te verskaf in die natuur se ingewikkeldheid en in die ontoereikendheid van alle abstrakte verbale verslae van werklike verskynsels.)³

11. Vanuit die psigologiese standpunt; meen prof. M.V. O'Shea, moet die doel van Handwerk wees om elementêre idees te verskaf wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van ingewikkelde geestesprosesse.)⁴ Aan die neurologiese kant moet Handwerk weer die motoriese gedeelte in die korteks van die brein ontwikkel.)⁵

12. Die ontwerpers en aanvoerders van Opvoedkundige Handwerk, soos Cygnaeus, Salomon e.a. het ingesien dat die praktiese waarde, in n materiële sin, van Handwerk van minder belang is wanneer dit vergelyk word met die intellektuele, estetiese en morele waardes. Hulle het die ontwikkeling van laasgenoemde dan ook as die vernaamste doelstellings van Opvoedkundige Handwerk beskou, wat blykbaar vandag ook algemeen aanvaar word.

)¹ Dewey: "The Primary School Fetish" in die Forum Vol. XXV, 315.

)² Adler: Soos gesitêr deur Woodward in die verslag van die Am. Kommissie van Onderwys 1893-1894 Vol.1, 889.

)³ James: In die tydskrif: "Atlantic Monthly, March, 1899" Ook in sy "Talks to Teachers", Hfste V - VII.

)⁴ O'Shea: Dynamic Factors in Education, 60.

)⁵ Donaldson: Growth of the Brain, Hfst. XVllll.

C. 'N ONTLEDING EN FORMULERING VAN DIE DOELSTELLINGE VAN OPVOEDKUNDIGE HANDWERK.

Uit die behandeling van die karakteristieke psigologiese eienskappe van die kind in die vorige hoofstuk, asook uit die historiese ontwikkeling van Handwerk, het dit duidelik geword dat handwerk natuurlikerwys aansluit by die kind se ontwikkelingsbehoefte. Nie alleen sluit dit aan nie, maar blyk dit ook n noodsaaklike vereiste te wees in die normale verloop van sy ontwikkelingsgang en moet dit doelbewus bevorder word.

As Handwerk dan noodsaaklik is vir die kind se ontwikkeling, is dit duidelik dat dit ingesluit sal word in sy opvoedingsprogram, maar op so n wyse dat hy die grootste moontlike voordeel daaruit sal verkry, en om dit te verwesenlik is dit noodsaaklik dat daar n doel vir die vak vóóropgestel word, want soos Coetzee dit stel, kan geen werkzaamheid van die mens tot enige vrug lei as dit nie met n bewuste doel voor oë verrig word nie.)¹ Hierdie doel sal egter in die eerste en ver naamste instansie bepaal word deur dit wat gegee is d.w.s. by die formulering van die doel moet daar uitgegaan word van die vermoëns, die neiginge, die aanleg, die behoeftes, die aktiwiteite ens. van die opvoedeling soos uiteengesit in hoofstuk 11 en beaam deur die uitsprake van die opvoedkundiges hierbo aangehaal. Daar moet dus allereers ingesien word dat slegs n beperkte ideaal bereikbaar is - beperk deur die kind se vermoëns. Dit baat niks om n doel of ideaal te stel wat geen rekening hou met die kind se vermoëns nie. Die doel van Handwerk sal dus in sekere opsigte altyd beperk wees deur hierdie vermoëns, en met hierdie gedagte voor oë sal dan getrag word om n gangbare doel of doelstellinge vir Handwerk te formuleer wat gebaseer sal wees op die vermoëns van die kind, wat beurtelings weer die plek van die vak sal bepaal.

)¹ Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 267.

Hierdie doelstellinge wat geformuleer staan te word kan egter nie as geïsoleerde eenheid geregverdig word nie, maar moet in verband gesien word met die algemene opvoedingsdoel - soos wat die grondleggers van Opvoedkundige Handwerk dit dan ook bedoel het. Hiervoor sal ons ons dan in breek trekke hou aan die indeling van Coetzee vir die opvoeding in die algemeen, omdat dit meer ontledend is en daar sodoende 'n duideliker begrip gevorm sal word van wat Opvoedkundige Handwerk beoog met die kind.

1. Die nabysyn- of besondere doelstellings.

- (a) Die biologiese doelstelling: Die mens is 'n lewende wese en moet as sodanig gehandhaaf word. Die biologiese doelstelling eis die aanpassing van die mens aan die lewe sodat hy kan bly lewe. Dit kan alleen geskied as daar vir die lewe, innerlik sowel as uiterlik, gesorg word. Die innerlike versorging vereis die oppassing van die individu wat insluit voeding, reiniging ens. terwyl die uiterlike versorging 'n sorgvuldige aanpassing van die individu aan sy omgewing en van die omgewing aan die individu vereis. Die mens moet opgevoed word om hom in en aan te pas by sy fisiese omgewing, maar ook by sy sosiale omgewing)¹ Die mens word dus verplig tot aanpassing deur die bedreiging van ondergang of vernietiging.

Soos reeds voorheen uiteengesit is daar by elke kind 'n natuurlike drang tot aanpassing. Dit is die taak van die Handwerk om hierdie neiging ten goede te rig deur 'n doel daaraan te heg. Ook Robertson)² en Legge)³ bedoel dit in hierdie sin wanneer hulle sê dat die doel van Handwerk moet wees om die liggaamskragte te ontwikkel en moontlikhede te skep vir die verwerwing van handvaardigheid wat vir die behoud van die lewe

)¹ Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 271 - 272.

)² Robertson: In die „Educational Handbook" van 1911, 35.

)³ Legge: In die tydskrif, „Manual Training" van 1910, 141

onontbeerlik is. Dewey meen dat.....„The problem and opportunity with the young is selection of orderly and continuous modes of occupation, which, while they lead up to and prepare for the indispensable activities of adult life, have their own sufficient justification in their present reflex influence upon the formation of habits of thought.“)¹ Hy meen dat Handwerk die kind sodanig moet besig hou dat hy nie alleen voorberei word vir die volwasse lewe nie, maar dat daar ook die regte denkgewoontes, wat onontbeerlik is vir sy voortbestaan, ontwikkel sal word.

Die biologiese doel van handwerk is dan die daargestelling van aktiwiteite wat die kind sal voorberei vir die volwasse lewe en denkgewoontes by hom sal ontwikkel wat sy selfbehoud in die fisiese en sosiale omgewing sal verseker)²

- (b) Die Fisiologiese Doelstelling: Hierdie doelstelling eis die versorging, die vorming en ontwikkeling van die liggaam. Dit kan alleen geskied as daardie liggaam behoorlik inwendig en uitwendig versorg word. Die innerlike versorging veronderstel weereens die voeding, reiniging en bewaring van die liggaam, terwyl die uiterlike versorging die voortdurende vorming en ontwikkeling van die liggaam in sy geheel en in sy samestellende dele vereis. Dit vereis voortdurende vryheid van beweging en voortdurende oefening van alle organe.)³

In teenstelling met formele boekestudie stel handwerk hom dit ook ten doel die ontwikkeling van die liggaam as sodanig, d.w.s. die ontwikkeling van die spiere en spierkontrole. Alleen deur 'n ekstensiewe en intensiewe ontwikkeling van die liggaam kan die hoër ontwik-

)¹ Dewey: How We Think, 43.

)² Vgl. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 272.

)³ Idem.

keling van die gees bereik word. Daarom is dit noodsaaklik dat liggaamlike ontwikkeling by die kind die hoofsaak sal wees en namate hy ouer word, dit gaandeweg en geleidelik vervang word deur 'n oorwegend geestelike ontwikkeling.

Oor die belangrikheid van spiere en spierontwikkeling het G. Stanley Hall die volgende op te merk: „Muscles are in a most intimate and peculiar sense the organs of the will. They have built all the roads, cities and machines in the world, written all the books, spoken all the words and in fact, done all that man has accomplished with matter. If they are undeveloped or grow relaxed and flabby, the dreadful chasm between good intentions and their execution is liable to appear and widen. Character might be in a sense defined as a plexus of motor habits. Habits even determine the deeper strata of belief, thought is repressed action, and deeds, not words, are the language of the complete man. The motor areas are closely related and largely identical with the psychic, and muscle culture develops brain centres as nothing else yet demonstrably does. Muscles are the vehicles of habitation, imitation, obedience, character and even manners and customs. For the young, motor education is cardinal and is now coming to due recognition and for all, education is incomplete without a motor side. Skill, endurance and perseverance may almost be called muscular virtues, and fatigue, velleity, caprice, ennui, restlessness, lack of control and poise, muscular faults.”¹

Hieruit blyk dit dus duidelik watter belangrike rol liggaamlike- of spierontwikkeling en spierkoördinasie in die opvoeding moet vervul. In verband met Handwerk beweert Robertson)² dan ook dat.....„Manual Training is the gene-

)¹ Hall, Adolescence Vol. 1, 131

)² Robertson: In die „Educational Handbook" van 1911, 35.

ral culture of the powers of the body and of the mind, through the activities of the body." In dieselfde sin verklaar ook Holman)¹ dat....."Educational handwork consists of such systematic physical activities, especially those in which the eye and hand are predominant; as can be most helpfully used by the educator to secure the greatest and best mental development and skill."

As een van sy doelstellings trag Handwerk dan ook, deur veelvuldige oefeninge en bewegings, om aan hierdie vereiste te voldoen. Ons het reeds in die vorige hoofstuk aangetoon dat die aktiwiteitsdrang by kinders besonder sterk ontwikkel is en dus verkeer Handwerk in die gelukkige posisie om slegs hierdie drang te kanaliseer. Handwerk impliseer reeds liggaamlike ontwikkeling, maar in teenstelling met gimnastiek, wat die ontwikkeling van die liggaam as hoofdoel stel, trag Handwerk om die liggaam, en veral die sintuie soos die hand en die oog, te ontwikkel sodat dit direk in diens van die gees sal staan.

- (c) Die Psigologiese Doelstelling. Deur die opvoeding moet die mens gelei word tot geestelike rypheid. Die psigologiese vorming en ontwikkeling van die opvoedeling is dan ook een van die vernaamste doelstellinge van die opvoeding. Hieronder word verstaan die langsame maar vaste ontvouing en ontwikkeling, sowel as vorming van al die psigiese vermoëns van die waarneming, die voorstelling, die geheue, die verstand, die gevoelens en die hele strewingslewe. Die geestelike ontwikkeling is dus net so noodsaaklik en natuurlik as die liggaamlike.)²

In die vorige hoofstuk is die verband tussen Handwerk en verstandelike-, emosionele- en wilsontwikkeling reeds aangetoon. Opvoedkundige Handwerk, met algemene

)¹ Holman: Hand and Eye Training, 112

)² Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 273

opvoeding as sy vernaamste doelstelling, is n bykomstige middel in die moderne leerplan vir die geestelike en verstandelike ontwikkeling van die kind. Uit die aard van die saak is die primêre funksie van Handwerk die ontwikkeling en oefening van die sintuie soos die hand en die oog, maar die sintuie is immers die poorte tot die verstand en die werktuie waarmee of waardeur die verstandprosesse tot uiting kom of tot aksie omgeskep word. Volgens dr. Irwin King)¹ word die vroegste stappe van verstandelike vooruitgang ontwikkel deur die verkryging van beheer oor die sintuie en die verskillende fundamentele motoriese koördinasies. Die suiwer verstandelike funksies ontwikkel in verhouding tot die noodsaaklikheid van veelvuldige en komplekse handelinge.

Madame Montessori het in haar werk met afwykende kinders afdoende bewys gelewer dat geestelike ontwikkeling ten nouste saamhang met sintuiglike ontwikkeling. Die verstand word ontwikkel deur die liggaam en ook in die geval van normale kinders is dit so.

Die jongste psigologiese beskouing oor bewustheid is dat dit begin by die eenvoudigste georganiseerde bewegings wat nuwe aanpassing en reorganisasie van aktiwiteite vereis om by nuwe omstandighede aan te pas. Dit beteken die vasvang en konsentrasie van aandag, gevolg deur nuwe, doelgerigte en min of meer sistematiese pogings. Hierdie aanhoudende aanvraag vir verstandelike aktiwiteit om by die steeds veranderende en meer komplekswordende situasies aan te pas, verseker die oefening wat beide groei en ontwikkeling veroorsaak, en die verstand word steeds sterker en vaardiger.)²

n Ontwikkelde tassintuig, die behendigheid van die

)¹ King: The Psychology of Child Development, 43.

)² Vgl. Holman: Hand and Eye Training, 83 - 85. Ook Hfst. 11 oor verstandelike ontwikkeling.

hande in akkurate en doelgerigte handeling, en oë wat vinnig kan waarneem en akkuraat kan oordeel, is nie alleen waardevolle hoedanighede op sigself nie, maar verskaf ook geestelike prikkeling en is die boustene van die verstand. Sielkundiges en opvoedkundiges benadruk steeds meer en meer die verband tussen die hande en die brein. Die ontwikkeling van sekere dele van die brein gaan gepaard met die oefening van aanverwante spiergroepe, en as die hande nie vroegtydig die korrekte oefening en ervaring opdoen nie, is daar verlies van doelmatigheid by altwee. Dit is dus nie te veel gesê as daar beweer word dat Handwerk ook intellektuele opvoeding is nie. Dit is net n ander benadering van die geestelike funksies. In die hantering en meting van konkrete materiaal kry die kind n insae in die driedimensionele vorm van voorwerpe wat geen Rekenkunde ooit kan verskaf nie. Selfs breuke verloor hulle abstraktheid. Daarom sê dr. Otto Beyer dan ook in die onderwysverslae van Leipzig)¹ dat Handwerk bevorder moet word omrede die intieme verband wat daar bestaan tussen Handwerk en geestelike onderrig, en M. O'Shea)² dat die doel van handwerk moet wees om elementêre idees te verskaf wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die ingewikkelde geestesprosesse. Ballard)³ sê weer...."It should be regarded as a means of general culture - of mental, moral and aesthetic development." Hiervolgens blyk dit dus duidelik dat Handwerk ook geestelike ontwikkeling ten doel moet hê.

(d) Die Sosiologiese Doelstelling: Die opvoedeling is in sosiale sin **geheel** afhanklik van sy medemens. Net soos

)¹ Beyer in die onderwysverslae van Leipzig, gesiteer deur Holman: Hand and Eye Training, 111

)² O'Shea: Dynamic Factors of Education, 60.

)³ Ballard: Handwork as an Educational Medium, 177.

wat hy moet leer om aan te pas by sy fisiese omgewing, moet die mens ook leer om in en aan te pas by sy milieu of sosiale omgewing. As n vername doelstelling van die opvoeding moet dan gestel word die sosiale vorming en ontwikkeling van die opvoedeling. Hieronder word verstaan die geleidelike maar sekere inlewing van die individu in die sosiale orde. Deur middel van sosiale omgang met ander, deur die voorbeeld van sy medemens, deur opsetlike en onopsetlike voorligting, onderrigting en vorming word die individu geoefen, gevorm en ontwikkel tot n sosiaal bruikbare wese.)¹

Om die lewe in sy geheel en in die regte perspektief te sien, moet die individu fisies, geestelik en sosiaal behoorlik ontwikkel wees. Alleen dan kan n ware onderlinge begrip by die verskillende sosiale stande verwag word en dit alleen kan lei tot onderlinge waardering en simpatie. Antipatie tussen die verskillende stande is hoofsaaklik die gevolg van n gebrek aan kennis. Die gevolglike wrywing en afkeer tussen die stande verlaag die sosiale moraal en dus ook die individuele moraal. Geen mens kan sy naaste liefhê as hy hom nie verstaan nie. Robert Seidel meen dat diegene wat nooit Handwerk gedoen het nie, nooit die produk daarvan kan waardeer of die voortbrengers daarvan kan verstaan nie. Die kunsmatige of geldwaarde van dinge is maar n swak maatstaf om die vergoeding van arbeid te meet. Die eersgenoemde maak staat op die ekonomiese wette en nie op die moeite, ywer en vaardigheid wat dit gekos het om die artikel voort te bring nie....."Our moral conduct is largely dependent upon our moral estimation of man and things.")²

)¹ Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 274.

)² Seidel: Industrial Instruction, 86.

In dieselfde sin verklaar Holman dat....„Social conditions, like vulgar fractions, need a common denominator, and since all life is, in the last resource, founded on the works of our hands, Manual Training is at least a constant factor in such a denominator.“)¹ Ook Legge)² beweer dat nuttige werk die kind help om in en aan te pas by sy omgewing en milieu. Hiervolgens wil dit dus voorkom asof Handwerk eintlik 'n noodsaaklike skakel of tussenganger moet vorm tussen die kind en sy medemens of sosiale omgewing. Dit stel hom m.a.w. bekend met die dinge wat sy medemens besig hou en sodoende leer dit hom om sy medemens te verstaan, waardeur en respektee.

In die vorige hoofstuk is reeds daarop gewys hoe Handwerk ingespan kan word ter bevrediging van die kind se natuurlike kuddedrang en dat Handwerk sosiale vorming bevorder. Dewey sê dan ook dat....„Manual Training is more than manual; it is more than intellectual; in the hands of any good teacher it lends itself easily, and almost as a matter of course, to development of social habits.“)³ Daarom verklaar Ballard dan dat.....„the supreme aim of Manual Training should be to increase the pupil's power of adjustment to his physical, social and spiritual environment.“)⁴ Hy stel sosiale aanpassing dus op dieselfde vlak as geestelike en fisiese aanpassing. Die sosiale vorming van die kind moet dus 'n belangrike doelstelling van Handwerk wees.

(e) Die Logiese Doelstelling: As verstandelik-redelike wese besit die mens die vermoë om kennis te verwerf. Ken-

)¹ Holman: Hand and Eye Training, 101.

)² Legge: In die tydskrif „Manual Training" van 1910, 141.

)³ Dewey: Educational Essays, 73.

)⁴ Ballard: Handwork as an Educational Medium, 177

nis is inderdaad een van die belangrikste en vernaamste kenmerke en vereistes van die opgevoede mens. Dit is dan die taak van die opvoeder om die opvoedeling so te lei dat hy die nodige kennis sal opdoen.)¹ Hierdie kennis moet egter nie die resultaat wees van blote nabootsing of van geforseerde memorisering nie. Die mens is immers n redelike en denkende wese. Sy kennis moet dus self-verwerfde, aktiewe kennis wees wat hy veral deur middel van sy rede of denkvermoë moet verwerf. Deur Handwerk leer die kind om sy omgewing denkend te benader, te verstaan en te ken. Dit bring hom in direkte aanraking met die dinge van die wêreld, sodat hy deur direkte waarne- ming, aanraking en ook konstruksie van sommige dinge kan kom tot die voorstelling van die dinge en deur die voor- stelling weer tot die begrip. Die menslike gees dink deur middel van die begrippe wat hy hom eie gemaak het, en Handwerk is veral hier die middel om n begrip eie te maak aangesien die mens veral dit goed verstaan wat hy- self in staat is om te doen of te maak. Daarna leer die mens om begrippe tot oordele te verbind en die oordele weer tot besluite, en dan bereik hy eers sy hoogste vorming nl. die vermoë tot redenering.

Handwerk moet hom dus ook ten doel stel die redelike en verstandelike vorming van die kind.

2. Die Verwyderde of Algemene Doelstellings.

(a) Die Etiese, Morele of Sedelike Doelstelling:

Navorsers soos Dewey, Thorndike e.a. meen dat die etiese oorsprong gesoek moet word in fisiese aktiwiteite. Alleen deur regte fisiese ontwikkeling in gewoontes van liggaamlike gedrag, so meen hulle, kan n breë en hegte fondament vir n hoë moraliteit gelê word. By sulke gewoontes moet die kind in die geleentheid gestel word om te voeg die helderste en deeglikste idees aangaande

)¹ Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 275.

sy verwantskap met andere en van sy regte en verpligtinge in verhouding tot hulle. Gedagtes en aktiwiteite word eerstens en vir die grootste gedeelte bepaal deur instinkte en derhalwe moet sedelike ontwikkeling deur die instinkte geskied. Dewey)¹ lê dan ook besondere klem op die etiese aspek van Handwerk en stel die doel daarvan ook as volg: (a) Dit oefen 'n weldadige invloed uit op die individuele karakter omdat dit 'n begrip van en respek vir wetmatighede moet ontwikkel; (b) dit moet die morele gedrag ontwikkel en (c) dit moet die estetiese waardering ontwikkel.

Adler)² weer is van mening dat Handwerk moet bydra om die kind se vermoë tot onpersoonlike en onbevooroordeelde oordeel, wat noodsaaklik is vir die korrekte benadering van morele situasies, te ontwikkel.

Coetzee)³ se beskouing stem grootliks ooreen hiermee, maar hy verklaar dat die mens wat waarlik vir sy lewens-taak toegerus is, minstens die ware sedelikheid besit waaronder verstaan moet word die hoedanigheid van die mens waardeur hy die goddelike wet ten opsigte van sy medemens vervul of probeer vervul. Hy moet deur die gehoorsaamheid aan die goddelike wet teenoor sy medemens vir homself innerlike vrede verwerf. Kennis van die waarheid verkry deur die verwerwing van kennis en die vorming van die verstand het geen betekenis vir die lewe van die mens as dit nie ook lei tot die doen van die goeie nie.

Die direkte verband tussen Handwerk en morele ontwikkeling word baie treffend gestel deur dr. T.M.

Balliet as hy sê... „If it is true, as is maintained by many psychologists, that all thought is motor in a

)¹ Dewey: „The Primary School Fetish" in die Forum Vol. XXV, 315

)² Adler: Soos gesitêr deur Woodwork in die verslag van die Amerikaanse Kommissie van Onderwys 1893 - 1894, Vol.1, 889.

)³ Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 277

greater or less degree; that what we call thought is repressed action, and that what we call volition is simply thought carried into execution, then these motor ideas, which control directly the voluntary muscles must have an important function to perform. They are in a peculiar sense, the raw material out of which the ethical will is formed; they are at least the soil of which it grows.

„More than this, inhibition in the nervous system lies at the root of self-control in morals. The man who cannot effectively inhibit his muscles, cannot effectively control his passions and desires. Flabby muscles and weak will, if they are not related to each other as cause and effect, are at all events concomitant effects of a common cause - lack of motor efficiency in the brain. While all forms of physical exercises contribute more or less to this power of inhibition it yet remains true that Manual Training makes a very important contribution to it")¹

Hiervolgens moet Handwerk dus as een van die ver-
naamste faktore in die ontwikkeling van selfdisipline
beskou word omdat selfdisipline een van die vernaamste
hoekstene vorm van die ware sedelikheid. Die morele kode
van die kind moet uitgedruk word in daade eerder as in
woorde. Daarom is georganiseerde selfaktiwiteit beter as
blote bevels of instruksies wanneer die sedelike ontwik-
keling n aanvang neem. Fröbel)² verklaar dat die kind
deur selfaktiwiteit besig is om die innerlike na die
uiterlike om te vorm.

Aan die hand van bogenoemde is dit dan duidelik dat
Handwerk ook die sedelike vorming van die kind ten doel
moet hê.

)¹ Balliet: in die tydskrif „Educational Handwork" van Nov.1911,81

)² Fröbel: in Telders: Fröbels opvoeding van den Mensch.

- (b) Die Estetiese Doelstelling: Een van die noodsaaklike verhoudinge waarin die mens tot sy omgewing staan en moet staan is dié van die skoonheid. Kennis van die waarheid en die uitlewing van die goedheid moet aangevul word deur die waardering van die skoonheid in die skepping. Die mens wat waarlik opgevoed is, is ook waarlik esteties gevorm. Hieronder word verstaan die hoedanigheid van die mens waardeur hy die orde, sisteem, afgerondheid, glans, heerlikheid en volkommenheid van die skepping kan raaksien, bewonder, waardeer en liefhê.)¹

Uit die drang om iets wat gemaak word, mooi te maak, word die estetiese gebore, en die rol wat Handwerk hierin moet speel, het geen verdere verduideliking nodig nie. Die skone kunste is afkomstig van en deur die utilitiese bedrywe. Versiering van watter aard ook al het sy oorsprong in verband met gebruiksvorwerpe. Deur die goeie en skone te sien of van te verneem is alleen nie genoeg nie. Die individu moet self ook daadwerklike deel daaraan hê om die estetiese vorming eg te maak, en hiervoor bied Handwerk n unieke geleentheid. Daarom sê Ballard dan ook....."It (Manual Training) should be regarded as a means of general culture - of mental, moral and aesthetic development.")² Ook Dewey)³ verklaar dat handwerk die estetiese waardering moet ontwikkel.

Die estetiese vorming van die kind moet dus ook n belangrike doelstelling uitmaak van Handwerk.

- (c) Die Filosofiese Doelstelling: Geen mens is waarlik opgevoed wat nie deur sy opvoeding n vaste, goed gefundeerde en wetenskaplikgeordende lewens- en wêreldbeskouing besit nie.

Elke mens, hoe min begaafd hy ook al mag wees, moet

)¹ Coetzee: Inleiding in die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 279.

)² Ballard: Handwork as an Educational Medium, 177

)³ Dewey: "The Primary School Fetish" in die Forum Vol.XXV, 315.

gelei word om dieper in die skepping in te dring as wat bloot deur die sintuie waargeneem word. Deur sinlike waarneming kan hy alleen die uitwendige in die skepping leer ken. Maar die lewe is meer as skyn of verskyning. Agter al die verskynsels, soos hulle sintuiglik waarneembaar is, skuil daar kragte wat nie deur sinlike waarneming geken kan word nie. Die Godsbegrip is bv. geestelik en kan nie deur sintuiglike waarneming geken word nie, maar slegs deur 'n soort geestelike waarneming. Onder filosofiese vorming van die mens word dan verstaan die hoedanigheid van die mens waardeer hy kan deurdring tot die verklaring van die verskynsels, kan leer verstaan wat die wese van die werklikheid is, hoe daar eenheid en verskeidenheid in die skepping albei aanwesig is, hoe die mens na siel en liggaam geskape tog 'n selfstandige eenheid is en hoe daar in die skepping neergelê is die beginsels van ruimte, tyd, orde en koers. Die filosofiese mens is dan iemand wat probeer om die lewensvraagstukke te ondersoek, te leer ken en te deurdink.)¹

Die rol van intelligente Opvoedkundige Handwerk in die vorming van hierdie hoedanighede by die mens is nie te misken nie. Die primêre funksie van Handwerk is wel, soos reeds gesê, die oefening van die sintuie, maar hierin lê ook opgesluit die akkurate funksionering van die hoër geestesprosesse. Rousseau)² sê dat die kind met behulp van handwerk 'n filosoof word al dink hyself dat hy slegs handwerk doen. Deur handwerk leer hy die wese van die werklikheid verstaan waar hy daaglik in aanraking kom met die konkrete en die natuurwette wat dit beheer. Ook kry hy hierdeur groter insae in die feit

)¹ Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 280 - 281.

)² Rousseau: Emile.

dat daar eenheid sowel as verskeidenheid in die skepping bestaan. Begripsverruiming word vergemaklik en moontlik gemaak. Deur die veralgemening en verwerkliking van feite-kennis word kennis van beginsels verkry en die veralgemening van beginsels lei weer tot hoofveralgemenings wat weer die grondslag vorm vir verdere begripsverruiming en wel in die vorm van oordele, besluite, gedagtereekse en stelsels. Die weg om tot 'n eie gefundeerde, selfdeurvorste lewens- en wêreldbeskouing te kan kom, word dus vir die opvoedeling ontsluit.

Die soeke na die verklaring van die wêreld van die skepping is een van die hoogste eise en ideale van die mens. Dié is inderdaad onbereikbaar, maar dit is tog 'n einddoel om na te strewe en die mens aan te spoor tot groter inspanning. Filosofiese vorming van die kind moet dus ook 'n doel van Handwerk wees.

3. Die Uiteindelike Doelstelling.

Die laaste en hoogste doelstelling van Opvoedkundige Handwerk moet die religieuse vorming en ontwikkeling van die kind behels.

Die mens kom in die eerste plek tot kennis van God deur die geopenbaarde Woord, maar Hy openbaar Hom ook aan die mens in die natuur.)¹ Deur skeppende handwerk en alles wat daarmee saamgaan, leer die mens die natuur of die dinge van die skepping verstaan en ken, en dit lei tot eerbied vir die Skepper daarvan. Kennis van die skepping, beginsels en hoofveralgemenings kan dus funksioneel wees in dié sin dat dit meehelp in die religieuse vorming van die opvoedeling. Dit kan lei tot 'n beter gesindheid en 'n hoër waardering vir die almag van die Skepper.

¹ Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 124 - 125.

D. GEVOLGTREKKING.

Om nou op te som kan gesê word dat die vernaamste doel van Handwerk moet wees om die opvoedeling se vermoë tot aanpassing aan sy fisiese, geestelike en sosiale omgewing te ontwikkel en te versterk. Dit moet beskou word as 'n middel tot algemene ontwikkeling - van verstandelike, etiese, estetiese, filosofiese en religieuse ontwikkeling. Die betekenis daarvan moet verby die blote beheer van daardie gedeelte van die fisiese heelal strek waarby 'n besondere taak betrokke is en indring in die wêreld van die idee, emosie en doel. Dit moet meehelp om van die ek-gerigte individu 'n sosiaal- en Godgerigte wese te maak en om tot die ontdekking van die hoogste self te kom.